


FOTO: LEON BOTHA

# GRENSPOSTE
## Is jy reg?

**’n Grenspos in Afrika is baie soos ’n WP-agterlyn – jy weet nooit waarin jy jou vasloop nie. Hier is belangrike inligting van al die grensposte in Suider-Afrika om jou oorlandreis te vergemaklik.**

Grensposte kan jou óf grensloos frustreer en jou reisprogram met vyf uur terugsit óf sake kan seepglad verloop en jy kan binne minute die wêreld van Afrika betree.

Dit help as al jou dokumente agtermekaar en veilig gebêre is, en Pietertjie het nie vetkrytlorries vir Ouma en Oupa in jou paspoort geteken nie.

Maar as die grensposbeampte met die verkeerde voet uit die bed opgestaan het, is daar nie veel (buiten die wenke hier) wat jy aan die saak kan doen nie.

Hier is ’n lys dinge wat jy moet reghê as jy by die grensposte van tien lande in Suider-Afrika aankom. Die inligting is saamgestel met hulp van die AA, van die lande se konsulate asook kenners en deurwinterde *WegRy*-medewerkers.

Die inligting en pryse was korrek teen druktyd.

## Grenslose geduld en ervaring

**Ná 59 grensposte op sy kerfstok jok die *WegRy*-medewerker Matt Covarr nie as hy sê hy is ’n kenner nie. Hier is sy beste wenke.**

**Job se geduld.** Geduld is koning by elke grenspos in Afrika. Glimlag, wees beleef, werk saam en moenie gespanne raak nie! Moenie lyk of jy haastig is nie – dit gaan sake net vertraag. Haal jou pet en sonbril af as ’n teken van respek.

**Sê jy’s hier om te bly …** Vra altyd vir die maksimum aantal dae as jy ’n land binnegaan, selfs al ry jy net deur die land. Jy kan dalk iewers vashaak.

**Waai betyds.** As die stempel sê jy moet die land op 14 Julie verlaat, maak seker jy doen dit op of voor 13 Julie. Só kan jy seker maak jy is nie ’n prooi vir ’n “honger” amptenaar nie.


**Speel veilig met inentings.** Maak seker jy het ’n inentingsertifikaat vir geelkoors en cholera; ons is byna nooit daarvoor gevra nie, maar as jy dit het, is jy veilig.

**Ander reisigers weet die beste.** Vra reisigers wat in albei rigtings beweeg wat die koste is om ’n spesifieke grenspos oor te steek.

**Pasop vir geldwisselaars.** As jy dit kan vermy, moenie geld ruil by grensposswendelaars nie; die meeste grensposte het *iewers* ’n klein Bureau de Change. As jy moet geld wissel, begin by die kleinste bedrag. Doen dit voor jou eie getuies.

**Kom met kwachas.** Probeer om R200 van die plaaslike geld vooraf te hê van elke land wat jy wil besoek. Hiermee sal jy in die meeste gevalle deur die grens kan kom, en dan kan jy by die volgende dorp geld trek. Dit verseker die beste wisselkoers.

**Die helpende hande …** Moenie altyd die hulp van ’n “helper” van die hand wys nie. Kies een van die groep en maak dit duidelik dat hy die enigste mens is wat jou gaan help. Stel reg aan die begin ’n bedrag vas vir sy hulp en stel dit duidelik dat dít die volle bedrag is. Onderhandel beleef en kalm. ’n Helper kan alles vinniger en minder verwarrend laat verloop. Betaal eers as die werk afgehandel is om seker te maak jy verloor nie geld nie. Soms sal




# Algemene wenke by 'n grenspos

**Paspoort.** Jou paspoort moet geldig wees vir ses maande ná die voorgenome besoek aan al tien lande wat hier genoem word. Daar moet ook genoeg leë blaaie wees vir stempels – minstens vier.

**Oorspronklik of afskrifte?** Van die lande vereis jou voertuig se oorspronklike registrasiedokumente, terwyl ander tevrede is met 'n afskrif. Om veilig te speel, hou altyd die oorspronklike dokumente by jou, maar maak vooraf 'n paar gesertifiseerde afskrifte (minstens agt). By padblokkades word afskrifte gevra, en dikwels hou die amptenare dit.

**"Maar my baas het gesê ek kan die bakkie maar vat…"** As die voertuig nie in jou naam geregistreer is nie, bv. 'n huur- of maatskappyvoertuig, of as jy voertuigfinansiering het en die bank het die oorspronklike dokumente, moet jy 'n gesertifiseerde brief hê waarin staan dat jy toestemming van die eienaar of agentskap het om die voertuig te gebruik. Die datums van die besoek moet ook aangedui word.


**Reg met die pampiere.** Hou altyd gesertifiseerde fotostate van jou paspoort en visum byderhand en neem ekstra paspoortfoto's saam.

**Nee vir korrupsie.** Moenie omkoopgeld betaal nie. Iemand gaan vroeër of later tou opgooi – en dit hoef nie jy te wees nie.

**Skryf daai Bic?** Hou jou eie pen byderhand. Dis altyd 'n geskarrel vir 'n skryfding.

**Comesa.** As jy 'n paar lande in die suide en ooste van Afrika gaan besoek (nie al die lande word in dié afdeling gedek nie), gaan dit goedkoper uitwerk om Comesa-derdepartyversekering uit te neem. Comesa is die afkorting vir Common Market for Eastern and Southern Africa. Individuele derdepartyversekering vir elke land kos omtrent soveel soos eenmalige Comesaversekering. Die lande in dié artikel wat lid is van Comesa, is Swaziland, Malawi, Zimbabwe en Zambië. Ander lidlande is Kenia, Ethiopië en Egipte. Sien www.comesa.int vir volledige inligting. LW: As jy van Suid-Afrika af ry, kan jy eers Comesa koop as jy in Zambië is.

***Carnet de Passages en Douane.*** As jy Zambië, Malawi of Tanzanië besoek, is 'n *Carnet de Passages en Douane* (CPD) onontbeerlik. Dié doeanedokument dek die tydelike invoer van motors. Die AA is die enigste instelling in Suid-Afrika wat 'n CPD kan uitreik (sien www.aa.co.za/content/454/carnet-de-passages/). 'n CPD is nie noodsaaklik vir SAOG-lande nie, maar dit maak die doeaneproses aansienlik makliker. Dis wel verpligtend vir SA voertuie in Kenia, Uganda, Ethiopië, die Soedan, Egipte, Rwanda en Burundi.




die helper geld wil hê om na 'n "office" te neem en jou aansê om te wag; stel voor jy sal saamstap en betaal die beampte voor die helper.

**Wees verseker.** Maak seker jy koop jou derdepartyversekering voor jy wegry by die grenspos. Die versekeringsmanne se kantore is nie altyd duidelik gemerk nie. Private ondernemings verkoop dié versekering, en dit het niks te doen met die regeringsbeamptes by die grenspos nie. As jy tyd het, vra rond vir die beste prys. (Jou "assistent" is waarskynlik verbonde aan 'n sekere versekeringsmakelaar; as die prys te hoog is, vra hom om jou na iemand anders te neem.) Onthou net, jou Suid-Afrikaanse versekering is nie noodwendig oral geldig nie, al het jou jare lange agent so gesê.

**Kom in orde.** 'n Kompakte lêer wat in drie verdeel is – persoonlik, voertuig en medies – kan gebruik word om die chaos van die berg papierwerk te verminder. Hou dit altyd byderhand vir padblokkades.

**Liewer bang Jan…** As jy by 'n grenspos aankom nadat die kantoor gesluit het, vra die amptenare of jy in jou voertuig langs hul kantoor kan slaap. Moet nooit in die veld kamp in die omgewing rondom 'n grenspos nie.

**Hou verby die lorries.** Die meeste grensposte in Afrika het lang rye vragmotors, soms kilometers lank. Ry verby hulle tot voor in die ry. Dié vragmotors wag vir doeaneklaring, wat weke of maande kan neem, en in party gevalle jare.


**Vra net.** Paspoorte en persoonlike klaring word dikwels in een deel van die gebou gedoen, en voertuigklaring in 'n ander deel of selfs 'n ander gebou. Vra 'n beampte vir aanwysings.

**Tieklysie.** Moenie wegry by die grenspos voor jy nie die volgende het nie: gestempelde paspoorte, gestempelde voertuigdokumente, 'n tydelike invoerpermit wat uitgereik is en derdepartyversekeringsdokumente. Hou elke bewys van betaling.



**Ek hou jou dop.** Maak gewaarmerkte afskrifte van jou dokumente; dit sal sake by 'n grenspos baie glad laat verloop.

# Angola





## Nuttig om te weet

- **Geldeenheid:** Kwanza (Kz100 = R7,50)
- **Brandstof:** In teenstelling met die situasie van die verlede is ongelode petrol en diesel beskikbaar deur die land. Vulstasies is goed toegerus en elke dorp het nou petrol en diesel, of minstens diesel. Van die nuwe vulstasies het ook loodvervangingspetrol.
- **Malariarisiko:** Matig tot hoog
- **Noodnommers:** ✆110 (polisie); ✆118 (ambulans)
- **SA ambassade:** Edificio Maianga 1° e 2° Andar, Rua Kwame Nkrumah 31, Largo da Maianga, Luanda; www.sambangola.info
- **Konsulaat in SA:** ✆011 622 6025; ✆021 425 8700 (Begin vroegtydig met jou visumaansoek; die proses is tydrowend.)
- **Nog inligting:** Inligting oor Angola op die internet is skraps; kyk op 4x4-forums vir die beste persoonlike raad.

## Watter dokumente is nodig?

- **Visum:** Ja (nie nodig vir Namibiese burgers nie)
- **Internasionale rybewys:** Ja, of 'n SAOG-rybewys
- **Inentingsertifikaat:** Inentings teen geelkoors en cholera is verpligtend; ingewandskoors-, hepatitis A-, tetanus- en polio-inentings word aanbeveel.
- **Mediese versekering:** Sterk aanbeveel
- **Voertuigversekering:** 'n Versekeringsertifikaat is verpligtend (neem voertuigversekering uit wat Angola en 4x4-roetes dek).
- **Voertuigregistrasiedokumente:** Oorspronklike dokumente sowel as gesertifiseerde afskrifte (ook die registrasiepapier waaruit jy die skyfie knip). Jy het 'n brief van die bank – met datums – nodig wat jou toestemming gee om die voertuig oor die grens te neem. Die brief van die bank en lisensiedokumente moet deur 'n kommissaris van ede onderteken word. (Maak vooraf seker waar jou voertuig se enjinnommer aangebring is.)
- **Toestemmingsbriewe:** Jy het 'n toestemmingsbrief nodig van die Angolese maatskappy wat jy besoek, met 'n naam en paspoortnommer. Kry 'n polisieklaringsertifikaat van Suid-Afrika ('n polisiekantoor sal jou kan help, of sien www.dfa.gov.za/consular/policeclear.htm).


NB: Maak 7-10 afskrifte van alle dokumente en laat dit waarmerk.

## By die grenspos

- **Koste:** 'n Padpermit kos sowat Kz3 850 (±R290); jy moet derdepartyversekering hê, en jy kan dit aan die grens aan die Namibiese kant koop.
- **Toerusting:** Nooddriehoek; glimbaadjie
- **ZA-plakker:** Ja
- **Wat mag ek invat?** Goed vir persoonlike gebruik, geskenke en aandenkings ter waarde van tot VSA$500, insluitende 400 sigarette of 500 g sigare of ander tabakprodukte; 2 liter wyn en 1 liter hardehout; 250 ml eau de toilette of 50 ml parfuum. (Grensposbeamptes is toegeeflik oor die hoeveelhede alkohol en sigarette, solank dit duidelik is dat jy nie goedere vervoer om dit te verkoop nie.)
- **Wat nog?** Laat sertifiseer elektroniese toerusting soos (video)kameras by die polisie. Beperkings op vuurwapens en ammunisie, pornografiese materiaal, plante uit besmette gebiede, dobbelmasjiene, suiwer alkohol (self gestook), diere sonder die nodige permitte, gevaarlike medisyne of kos, posstempels of waardevolle items. Moenie vleis terugbring nie; dit gaan in Namibië afgevat word.
- **Grenspostye:** Ruacana, Oshikango, Omanhene en Katwitwi 08.00-18.00 (LW: Angola is 'n uur agter Suid-Afrika.)

# Botswana





## Nuttig om te weet

- **Geldeenheid:** Pula (P1 = R1,05)
- **Brandstof:** Gelode en ongelode petrol en diesel is geredelik beskikbaar
- **Malariarisiko:** Hoog
- **Noodnommers:** 999 (polisie); 997 (ambulans); 998 (brandweer)
- **SA konsulaat:** Plot 29, Queensweg, Gaborone; 00267 390 4800/1/2; murrayc@foreign.gov.za
- **Konsulaat in SA:** 011 403 3748
- **Nog inligting:** www.botswana-tourism.gov.bw

## Watter dokumente is nodig?


- **Visum:** Nie nodig vir SA burgers nie
- **Internasionale rybewys:** Ja
- **Inentingsertifikaat:** Niks is verpligtend nie, maar hepatitis A- en tetanus-inentings word aanbeveel.
- **Mediese versekering:** Aanbeveel
- **Voertuigversekering:** Derdeparty-versekering (P50) is geldig vir 90 dae
- **Voertuigregistrasiedokumente:** Ja
- **Toestemmingsbriewe:** Om 'n voertuig in Botswana te bring, moet jy 'n tydelike invoerpermit (TIP) kry.

## By die grenspos

- **Koste:** P50/P90 vir 'n padpermit (P50 eenrigting en P90 heen-en-weer), P20 vir paaiefonds (geldig vir 'n jaar; wys die skyfie), P20 per sleepwa en P50 derdepartyversekering, d.w.s. minstens P180 (±R190) heen-en-weer.
- **Toerusting:** Geen toerusting is verpligtend nie, maar jy moet verkieslik twee nooddriehoeke hê.
- **ZA-plakker:** Ja
- **Wat mag ek invat?** Goedere ter waarde van tot R500 binne die Sadu-gebied of ter waarde van R3 000 van buite die Sadu-gebied, o.m. 2 liter wyn, 1 liter hardehout en ander alkoholiese drank, 200 sigarette, 20 sigare, 250 g tabak, 50 ml parfuum en 250 ml eau de toilette.
- **En vleis?** Die reëls om vleis vir private gebruik in te bring verander gereeld na gelang van die uitbreek van siektes; vra altyd eers die doeanekantoor voor jy vleis of vleisprodukte inbring. Die volgende kan vir private gebruik ingebring word met 'n invoerpermit: rooivleis (25 kg/gesin), hoender (5 kg/persoon), geblikte pluimvee (20 kg/persoon). NB: Geen vark word toegelaat nie. Besoek www.botswanatourism.co.bw vir 'n volledige lys, bv. eiers, vars melk, groente, ens. Vuurwapens, dwelms en gewoontevormende middels, en onwelvoeglike en obsene materiaal word verbied.
  Regdeur die land is veeartseny-kontrolepunte, en jou vleis sal waarskynlik daar afgeneem word, afhangende van die siektes. Botswana het goeie en billike vleis. Koop dit daar.
- **Wat nog?** Besoekers moet bewys kan lewer van genoeg geld om te wys dat hulle die land sal verlaat en nie sal probeer om in Botswana te bly nie.
- **Grenspostye:** Martinsdrif-Groblersbrug 08.00-18.00; Parr's Halt-Stockpoort 08.00-16.00; Tlokweng-Kopfontein 07.00-22.00; Pioneerhek-Skilpadhek 06.00-22.00; Ramathlabama Road 06.00-20.00

# Lesotho





## Nuttig om te weet

- **Geldeenheid:** Loti (M1 = R1); rand word aanvaar
- **Brandstof:** Gelode en loodvrye petrol en diesel is geredelik beskikbaar
- **Malariarisiko:** Laag
- **Noodnommers:** 123/124 (polisie); 121 (ambulans)
- **SA konsulaat:** Standard Lesotho Bank Tower, 10de Verdieping, Kingsway, Maseru; 00266 2231 4700; maseru.political@foreign.gov.za
- **Konsulaat in SA:** 011 339 3653; lcgjhb@worldonline.co.za
- **Nog inligting:** http://wikitravel.org/en/Lesotho

## Watter dokumente is nodig?

- **Visum:** Nie nodig vir SA burgers nie
- **Internasionale rybewys:** Geldige SA rybewys
- **Inentingsertifikaat:** Hepatitis A- en tetanus-inentings word aanbeveel.
- **Mediese versekering:** Dis nie 'n vereiste nie. In geval van nood, sorg dat jy by die naaste hospitaal in Suid-Afrika kom.
- **Voertuigversekering:** Stel jou versekeringsmaatskappy in kennis dat jy jou voertuig oor die grens neem.
- **Voertuigregistrasiedokumente:** Gesertifiseerde afskrifte is voldoende
- **Toestemmingsbriewe:** Dis nie nodig vir 'n polisieklaringsertifikaat as jy 'n maand of korter tye daar toer nie.

## By die grenspos

- **Koste:** R20 (tolhekgeld)
- **Toerusting:** Geen, maar 'n rooi nooddriehoek word aanbeveel.
- **ZA-plakker:** Nee
- **Wat mag ek invat?** Enigiets (wettigs). Verklaar kameras en skootrekenaars aan die Suid-Afrikaanse kant van die grens by die SAID. Verklaar alle kruideniersware en verbruiksgoedere wat jy in Suid-Afrika gekoop het (wys ook kwitansies) aan die Lesotho-kant van die grens by die Lesotho-belastingowerheid.
- **Wat nog?** Jy mag nie plantspesies uit die land neem nie.
- **Grenspostye:** Maseru en Ficksburg 24 uur; Makhaleng 08.00-18.00 (weekdae), 08.00-16.00 (naweke); Sanipas 08.00-16.00

>

# Malawi





## Nuttig om te weet

- **Geldeenheid:** Kwacha (MK22 = R1)
- **Brandstof:** Die laaste jaar het die tekort aan en vraag na petrol en diesel groter geword. Mense moet om 'n permit aansoek doen om brandstof te bêre (bv. in 'n jerrykan). Dit kos ±R300 per jaar, en neem tot drie maande om goedgekeur te word. Maak seker jy het genoeg brandstof in jou voertuig.
- **Malariarisiko:** Hoog
- **Noodnommer:** ✆199
- **Konsulaat:** 3de Verdieping, Kang' Ombe House, Robert Mugabe-singel, Lilongwe 3; labuschagneg@foreign.gov.za
- **Konsulaat in SA:** ✆011 234 8577/8; malawicons@mweb.co.za
- **Nog inligting:** ✆011 803 4919; www.visitmalawi.mw; info@visitmalawi.mw; http://wikitravel.org/en/Malawi

## Watter dokumente is nodig?

- **Visum:** Geen visum is nodig vir SA burgers vir 'n tydperk van 30 dae nie.
- **Internasionale rybewys:** Ja, of 'n SAOG-rybewys
- **Inentingsertifikaat:** Hepatitis A-, tetanus- en meningitis-inentings word aanbeveel.
- **Mediese versekering:** Sterk aanbeveel
- **Voertuigversekering:** Derdepartyversekering van sowat MK6 000 (±R280) is in Malawi te koop; 'n verwerkingsfooi van R65 word ook in party gevalle gehef.
- **Voertuigregistrasiedokumente:** Ja
- **Toestemmingsbriewe:** 'n Tydelike invoerpermit kan by die grens gekoop word vir MK1 500 (±R70), en 'n CPD word aanbeveel; kry 'n polisieklaringsertifikaat van SA (sien www.dfa.gov.za/consular/policeclear.htm).

## By die grenspos

- **Koste:** Minstens R265
- **Toerusting:** Twee nooddriehoeke; wit weerkaatsband voor op die voertuig en rooi weerkaatsband agterop die voertuig
- **ZA-plakker:** Ja
- **Wat mag ek invat?** 200 sigarette of 225 g tabak in enige vorm; 1 liter hardehout, 1 liter bier en 1 liter wyn; 'n redelike hoeveelheid gebruiksgoedere vir jou onmiddellike behoeftes.
- **Wat nog?** Vuurwapens word beperk, tensy jy toestemming daarvoor het.
- **Grenspostye:** Die belangrikste grensposte is oop van 06.00-18.00; Dedza-Ulongwe en Mulanje-Milange 08.00-16.00

# Mosambiek





## Nuttig om te weet

- **Geldeenheid:** Metical (M10 = R2); rand word op party plekke in die suide aanvaar, maar metical word verkies.
- **Brandstof:** Diesel en gelode en ongelode petrol is geredelik beskikbaar naby groot sentra, maar is skaars in afgeleë gebiede.
- **Malariarisiko:** Hoog
- **Noodnommers:** ✆119 (polisie); ✆117 (ambulans); ✆198 (brandweer)
- **SA konsulaat:** Avenida Eduardo Mondlane 41, Caixa Postal 1120, Maputo; ✆00258 21 49 0059/3030; beampte aan diens na werkure ✆00258 84 304 4600; sahc@tropical.co.mz
- **Hoëkommissariaat in SA:** ✆012 401 0300; highcomm@embamoc.co.za
- **Nog inligting:** www.mcli.co.za; www.mozambiquetourism.co.za

## Watter dokumente is nodig?

- **Visum:** Nie nodig vir SA besoekers wat minder as 30 dae bly nie
- **Internasionale rybewys:** Dit word aanbeveel, maar is nie verpligtend nie; 'n geldige SA rybewys is voldoende.
- **Inentingsertifikaat:** Ingewandskoors-, hepatitis A-, tetanus- en meningitis-inentings word aanbeveel.
- **Mediese versekering:** Ja
- **Voertuigversekering:** Derdepartyversekering is verpligtend (jy kan dit by enige reisagent, die grenspos of die AA koop teen ±R150, geldig vir 30 dae)
- **Voertuigregistrasiedokumente:** Oorspronklike dokumente (of 'n brief van die finansiële instelling as die motor nog nie afbetaal is nie); dis ook raadsaam dat jy 'n brief van jou versekeringsmaatskappy kry wat bevestig dat jy vir die tydperk in die land gedek is, sowel as 'n repatriasiebrief in die geval van 'n ongeluk.
- **Toestemmingsbriewe:** 'n Mosambiekse doeanevorm of tydelike invoerpermit vir jou voertuig en bootsleepwa (±R5-7); 'n voertuigklaringsvorm (*vehicle customs clearance form*, dis beskikbaar by die grenspos); 'n permit om jou boot te water te laat (beskikbaar van die lodge waar jy bly of 'n amptenaar op die strand).

## By die grenspos

- **Koste:** Buiten die derdepartyversekering (±R150 as jy dit nie vooraf koop nie) het jy ook 'n tydelike invoerpermit per voertuig (R5-7) nodig.
- **Toerusting:** 'n Glimbaadjie; 'n stel rooi nooddriehoeke; 'n geel-en-blou Mosambiekse waarskuwingsdriehoek, regs voor op jou voorbuffer (veral as jy na die Tete-korridor gaan); as jy 'n sleepwa trek, het jy twee geel-en-blou Mosambiekse waarskuwingsdriehoeke nodig, regs voor op jou voorbuffer en aan die agterkant van die sleepwa.
- **ZA-plakker:** Ja
- **Wat mag ek invat?** Jy mag goed van tot VSA$50 per persoon inneem, insluitende 400 sigarette, 1 liter hardehout, 2,5 liter wyn en 50 ml parfuum (oopgemaak)
- **Wat nog?** Geen dwelms en vuurwapens word toegelaat nie; jy het 'n permit nodig om (troetel)diere in die land te neem.
- **Grenspostye:** Pafuri 08.00-16.00; Ponta do Ouro-Kosibaai 08.00-17.00; Ressano Garcia-Lebombo (Komatipoort) 06.00-24.00 (vanaf omtrent middel-Desember is dit 24 uur oop; dis egter nog nie bevestig nie)

# Namibië




## Nuttig om te weet

- **Geldeenheid:** Namibiese dollar, maar rand word ook aanvaar (N$1 = R1).
- **Brandstof:** Gelode en ongelode petrol en diesel is geredelik beskikbaar; op afgeleë plekke kan dit soms sukkel
- **Malariarisiko:** Laag tot matig in die noorde van die land
- **Noodnommers:** ✆10111 (polisie); ✆911 (algemeen)
- **Hoëkommissariaat in Windhoek:** Hoek van Nelson Mandela-laan en Jan Jonker-straat, Windhoek; ✆00264 61 205 7111; 🖱konin@dirco.gov.za
- **Hoëkommissariaat in SA:** ✆012 481 9100; 🖱secretary@namibia.org.za; 🖱www.namibia.org.za
- **Nog inligting:** 🖱http://wikitravel.org/en/Namibia; 🖱www.namibiatourism.com.na; ✆00264 61 290 6000; ✆021 422 3298

## Watter dokumente is nodig?

- **Visum:** Nie nodig vir SA burgers vir 'n tydperk van tot 90 dae per jaar nie
- **Internasionale rybewys:** Nie nodig nie, maar hou jou SA rybewys by jou
- **Inentingsertifikaat:** Hepatitis A- en tetanus-inentings word aanbeveel.
- **Mediese versekering:** Aanbeveel
- **Voertuigversekering:** Dis nie nodig vir 'n bewys van versekering nie, maar derdepartyversekering word aanbeveel.
- **Voertuigregistrasiedokumente:** Ongesertifiseerde afskrifte is voldoende (onthou ook sleepwa/woonwa-registrasiedokumente)
- **Toestemmingsbriewe:** Hengelpermitte word vereis. 'n CPD is net verpligtend as die voertuig na Namibië verskeep word.

## By die grenspos

- **Koste:** R200 per voertuig, R130 per sleepvoertuig
- **Toerusting:** Minstens een nooddriehoek per voertuig
- **ZA-plakker:** Ja
- **Wat mag ek invat?** Geskenke van tot N$200 en alle persoonlike items is doeanevry; 2 kartonne sigarette, 50 sigare en 250 g tabak; 2 liter wyn en 1 liter hardehout of ander alkoholiese drankies; 50 ml parfuum en 250 ml eau de toilette. Jy mag nie braaihout of mieliemeel oor die grens neem nie.
- **En vleis?** Jy mag 25 kg hoender p.p. en 25 kg vleis p.p. in die land bring, en 10 kg biltong en 25 kg rooivleis uit die land neem. Let wel: Geen varkvleis nie.
- **Grenspostye:** Hohlweg 08.00-14.30; Klein Menasse-Rietfontein 08.00-16:30; Ariamsvlei-Naroegas 24 uur; Noordoewer-Vioolsdrif 24 uur; Oranjemund-Alexanderbaai 06.00-22.00; Velloorsdrif-Onseepkans 08.00-16.30; Sendelingsdrif 08.00-16.00 (skakel ✆027 831 1506 om seker te maak die grenspos is oop. Dit kos R150 per voertuig oor die pont, en R50 ekstra vir 'n sleepvoertuig.); Mata Mata 08.00-16.30 (Jy moet minstens twee nagte in die Kgalagadi-oorgrenspark slaap om hierdeur te mag ry. Laat stempel jou paspoort by Twee Rivieren as jy in die park ingaan; daar is nie 'n doenanebeampte by Mata Mata nie.)

# Swaziland




## Nuttig om te weet

- **Geldeenheid:** Lilangeni (E1 = R1); rand word aanvaar
- **Brandstof:** Gelode en loodvrye petrol en diesel is geredelik beskikbaar
- **Malariarisiko:** Matig tot hoog
- **Noodnommers:** ✆999 (polisie); ✆933 (brandweer)
- **SA hoëkommissariaat:** The New Mall, 2de Verdieping, Dr Sishayi-weg, Mbabane; 🖱00268 404 4651/2587; 🖱sahc@africaonline.co.sz
- **Hoëkommissariaat in SA:** ✆012 344 1910/17/24; 🖱www.swazihighcom.co.za
- **Nog inligting:** 🖱www.welcometoswaziland.com; ✆00268 404 2531/409 0112

## Watter dokumente is nodig?

- **Visum:** Nie nodig vir SA paspoorthouers
- **Internasionale rybewys:** Nee, 'n geldige SA rybewys is voldoende
- **Inentingsertifikaat:** Hepatitis A- en tetanus-inentings word aanbeveel.
- **Mediese versekering:** Nee
- **Voertuigversekering:** Derdepartyversekering is by die brandstofprys ingesluit; geen dokument is nodig nie
- **Voertuigregistrasiedokumente:** Ja
- **Toestemmingsbriewe:** Nie nodig vir besoeke van minder as twee weke nie

## By die grenspos

- **Koste:** Padbelasting: R50 (R80 vir 'n maatskappyvoertuig); belasting: 14% vir goedere ingebring vir persoonlike gebruik (die eerste R1 000 nie belasbaar nie). Dié bedrag is nie terugbetaalbaar nie.
- **Toerusting:** Geen, maar 'n nooddriehoek word aanbeveel.
- **ZA-plakker:** Nee
- **Wat mag ek invat?** Enigiets binne perke vir persoonlike gebruik.
- **En vleis?** 'n Permit is nie nodig vir vleis vir persoonlike gebruik nie.
- **Grenspostye:** Oshoek-Ngwenya, Mahamba, Golela en Goba 07.00-22.00; Bothashoop, Nerston en Houtkop 08.00-18.00; Josefsdal en Waverley 08.00-16.00>

# Tanzanië





## Nuttig om te weet

- **Geldeenheid:** Tanzaniese sjieling (Ts1 000 = R4,65)
- **Brandstof:** Diesel is geredelik beskikbaar; petrol kan 'n probleem wees in afgeleë gebiede
- **Malariarisiko:** Hoog
- **Noodnommers:** ✆112/999
- **Konsulaat:** Plot 1338/39, Mwaya-weg, Msaki, Dar es Salaam; ✆00255 22 260 1800
- **Hoëkommissariaat in SA:** ✆012 342 4371; www.tanzania.org.za
- **Nog inligting:** www.tanzaniatouristboard.com; ✆00255 22 211 1244; safari@ud.co.tz

## Watter dokumente is nodig?

- **Visum:** Ja
- **Internasionale rybewys:** Ja
- **Inentingsertifikaat:** Geelkoorsinenting is verpligtend; ingewandskoors- (*typhoid*), hepatitis A-, tetanus- en meningitis-inentings word aanbeveel.
- **Mediese versekering:** Aanbeveel
- **Voertuigversekering:** Internasionale versekering word vereis
- **Voertuigregistrasiedokumente:** Ja
- **Toestemmingsbriewe:** 'n CPD word hoogs aanbeveel. As jy in 'n private voertuig toer, maak seker jy het die regte invoer- en uitvoerpermitte.

## By die grenspos

- **Koste:** Die visumkoste wissel van VSA$50-$150 (R350-R1 050). Die koste van die tydelike invoer- en uitvoersertifikate en versekering is sowat $100 (R700).
- **Toerusting:** Nooddriehoeke word aanbeveel, maar is nie verpligtend nie.
- **ZA-plakker:** Ja
- **Wat mag ek invat?** 200 sigarette of 50 sigare of 250 g tabak; 1 liter hardehout en twee bottels wyn; 570 ml parfuum
- **Wat nog?** Persoonlike besittings en geskenke kan teruggebring word as dit verklaar word. Besoekers kan enige hoeveelheid buitelandse valuta inbring sonder om dit te verklaar; die in- en uitneem van Tanzaniese valuta word egter verbied.
- **Grenspostye:** Namanga (tussen Tanzanië en Kenia) 24 uur; die res van die grensposte 06.00-18.00

# Zambië





## Nuttig om te weet

- **Geldeenheid:** Zambiese kwacha (ZK1000 = R1,50)
- **Brandstof:** Gelode en ongelode petrol en diesel is geredelik beskikbaar in groot sentra; in afgeleë gebiede is dit skaars.
- **Malariarisiko:** Hoog
- **Noodnommers:** ✆999 (algemeen); ✆991 (polisie en ambulans); ✆993 (brandweer)
- **Konsulaat:** Cheetahweg 26D, Kabulonga; ✆00260 211 26 0999; lusaka.political@foreign.gov.za
- **Hoëkommissariaat in SA:** ✆012 326 1847/54; info@zambiapretoria.net; www.zambiapretoria.net
- **Nog inligting:** www.zambiatourism.com; ✆00260 211 22 9087; ✆00260 211 22 5174; zntb@zambiatourism.org.zm

## Watter dokumente is nodig?

- **Visum:** Nie nodig vir SA burgers nie
- **Internasionale rybewys:** Ja
- **Inentingsertifikaat:** Hepatitis A- en B- en tetanus-inentings word aanbeveel.
- **Mediese versekering:** Aanbeveel
- **Voertuigversekering:** Koop derdepartyversekering by die grens: ZK112 000 (±R170) vir 'n voertuig en ZK50 000 (±R75) vir 'n sleepwa, tensy jy Comesa- of SAOG-dekking het.
- **Voertuigregistrasiedokumente:** Ja
- **Toestemmingsbriewe:** Om 'n voertuig in die land te bring, moet jy 'n tydelike invoerpermit (TIP) koop of afhangende van die land van oorsprong 'n CPD. 'n CPD is nie verpligtend nie, maar word aanbeveel as die voertuig langer as drie maande in Zambië gaan wees. Jou voertuig moet polisieklaring hê (kry dit by 'n polisiekantoor).

## By die grenspos

- **Koste:** Die koolstofbelasting hang af van die grootte van jou enjin: 2 001-3 000 cc: R230; 3 001 cc en groter: R300; raadsheffing van R50 per voertuig; padbelasting $20 (betaalbaar in dollar); by die Kazungula-grenspos is 'n heffing van R7 vir 'n motor en R15 vir 'n 4x4 betaalbaar asook 'n pontfooi van R180 (ligte voertuie) of R210 (middelslagvoertuie); ander pontfooie is sowat $20 (en goedkoper as jy in dollar betaal); as jy van Tanzanië tot in Zambië ry, moet jy padbelasting van R7 betaal; as jy die land verlaat, moet jy 'n karheffing van R10 betaal.
- **Toerusting:** Twee nooddriehoeke (van metaal) en weerkaatsplakkers (twee wit reghoekige stroke links en regs op die voorbuffer en twee rooi vierkantige stroke op die agterbuffer); as jy jerrykanne met brandstof saam met jou ry, is 'n brandblusser verpligtend.
- **ZA-plakker:** Nee, maar as jy deur Botswana na Zambië ry, gaan jy wel een nodig hê.
- **Wat mag ek invat?** 400 sigarette of 450 g tabak; 2,5 liter bier, wyn of hardehout; 30 ml parfuum
- **Wat nog?** Vuurwapens word beperk
- **Grenspostye:** Victoria Falls 06.00-22.00; Kariba 06.00-20.00; die meeste ander grensposte 06.00-18.00

# Zimbabwe





## Nuttig om te weet

- **Geldeenheid:** VSA dollar (oorgangstadium) ($1 = R7)
- **Brandstof:** Die beskikbaarheid van diesel en gelode petrol het nou na normaal teruggekeer nadat dit 'n ruk gelede plek-plek onbekombaar was.
- **Malariarisiko:** Matig tot hoog
- **Noodnommers:** ✆999 (algemeen); ✆995 (polisie); ✆994 (ambulans); ✆993 (brandweer)
- **SA konsulaat:** Elcombe-weg 7, Belgravia, Harare; ✆00263 4 75 3147/8/9; dhacon@mweb.co.zw
- **Konsulaat in SA:** ✆011 838 2156; admin@zimbabweconsulate.co.za
- **Nog inligting:** ✆011 616 9534/5/6; www.zimbabwetourism.net; info@zimbabwetourism.co.za

## Watter dokumente is nodig?

- **Visum:** Ja (gratis te kry by die grenspos)
- **Internasionale rybewys:** Ja
- **Inentingsertifikaat:** Hepatitis A- en tetanus-inentings word aanbeveel.
- **Mediese versekering:** Aanbeveel
- **Voertuigversekering:** Voertuie moet derdepartyversekering hê; as jy dit by die grens koop, kos dit ±R200. Jy kan dit ook by 'n AA Autoshop of Travel Experience-winkel koop.
- **Voertuigregistrasiedokumente:** Oorspronklike dokumente
- **Toestemmingsbriewe:** Voertuie wat Zimbabwe binnegaan, moet 'n toestemmingsbrief hê. Alle buitelandse voertuie moet polisieklaring hê (www.dfa.gov.za/consular/policeclear.htm).

## By die grenspos

- **Koste:** Padtoegangsgeld (R100); koolstofbelasting (vanaf R100 vir 'n 1,3 liter-voertuig tot R370 vir 'n 3 liter-4x4, geldig vir 30 dae); brugtolgeld (R100, net by Beitbrug)
- **Toerusting:** 'n Rooi en wit T-teken as jy 'n sleepwa sleep (die wit teken moet aan die voorkant, regs wees en rooi aan die agterkant, regs); wit weerkaatsband op die voorste buffer van die voertuig (van die amptenare dring ook aan op rooi weerkaatsband agterop die voertuig, hoewel party die ingeboude rooi weerkaatsers in die agterste buffer aanvaar)
- **ZA-plakker:** Ja
- **Wat mag ek invat?** Goedere van tot VSA$300, insluitende tabak, parfuum en geskenke: 400 sigarette; 5 liter drank (waarvan tot 2 liter hardehout mag wees); parfuum vir persoonlike gebruik; film vir persoonlike gebruik. Kameras en geld moet verklaar word.
- **Wat nog?** Dwelms, heuning, pornografiese materiaal, speelgoedwapens, veermesse (*flick knives*) en sluitbare messe word verbied; jy kry 'n permit vir wapens en ammunisie by jou aankoms.
- **Grenspostye:** Beitbrug 24 uur; Pandamatenga 08.00-16.00; Victoria Falls-Livingstone 06.00-20.00; die meeste ander grensposte 06.00-18.00




FOTO: ANTON VAN SCHALKWYK

**Welkom in Angola.** Die naaste groot dorp aan die Katwitwi-grenspos is Rundu in Namibië. Gooi jou voertuig daar vol brandstof en vul voorraad aan.